Volgens voorlopige aanduidings het die bruto binnelandse produk teen heersende prys vanaf R9,704



¹Die ontleding in hierdie deel van die oorsig is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaallikse ramings van die nasionale rekeninge, *ná uitskakeling van die seisoensinvloed*. Aangesien hierdie sylers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van die kwartaallikse verwikkelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.

miljoen in 1967 tot R10,283 miljoen in 1968 toege-
neem of met ongeveer 6 persent vergeleke met $10\frac{1}{2}$
persent gedurende die vorige jaar. In reële terme,
d.w.s. ná aanswering vir toenames in die algemene
pryspeil, verteenwoordig dit 'n groeikoers van effens
meer as $3\frac{1}{2}$ persent vergeleke met 8 persent gedurende
1967 en 'n gemiddelde van 6 persent vir die sewe jaar
vanaf 1960 tot 1967. Hierdie kleiner toename in die
reële groeikoers kan egter ten volle toegeskryf word
aan die bydrae van die landbou tot die reële bruto
binnelandse produk wat in 1968 met ongeveer $12\frac{1}{2}$
persent afgeneem het nadat dit in 1967 met ongeveer
25 persent gestyg het. Indien die bydrae van die land-
bou uitgesluit word, het die bruto binnelandse produk
van die oorblywende sektore in reële terme in 1968
in werklikheid met ongeveer 6 persent toegeneem,
vergeleke met ongeveer $5\frac{1}{2}$ persent in 1967.

Nadat dit gedurende die derde kwartaal van 1968
skerp toegeneem het, het die bruto binnelandse
produk gedurende die vierde kwartaal slegs matig
gestyg, aangesien die toenames in die ander sektore
van die volkshuishouding gedeeltelik geneutraliseer is
deur afnames in die handel, die landbou en die goud-
mynbou.

Bruto binnelandse besteding

Bruto binnelandse besteding, d.w.s. die totaal van
kapitaalbesteding (insluitende verandering in voorrade),
private verbruik en lopende owerheidsbesteding, het
gedurende 1968 met ongeveer $3\frac{1}{2}$ persent gestyg
vergeleke met ongeveer $12\frac{1}{2}$ persent gedurende 1967.
Hierdie aansienlike afname in die koers van toename is
deur 'n skerp afname in voorraadinvestering veroor-
saak met die gevolg dat die totaal van die ander kom-
ponente van bruto binnelandse besteding, nl. private
verbruik, lopende owerheidsbesteding en vaste in-
vestering, in werklikheid gedurende 1968 met onge-
veer 8 persent toegeneem het, vergeleke met 'n toe-
name van net meer as 7 persent gedurende 1967.

Nadat dit gedurende die loop van 1967 teen 'n
relatief stadige koers toegeneem het en gedurende die
eerste kwartaal van 1968 'n peil laer as dié van die
bruto nasionale produk bereik het, het die bruto bin-
nelandse besteding gedurende elke opeenvolgende
kwartaal progressief versnel en in die vierde kwartaal
van 1968 weer eens die bruto nasionale produk oor-
skry. Hierdie verwikkeling is in die betalingsbalans
weerspieël, wat gedurende die eerste drie kwartale
redelike oorskotte en in die vierde kwartaal 'n tekort
getoon het.

Private verbruiksbesteding


Die persentasietoename in private verbruiksbesteding
gedurende 1968 was die hoogste in die afgelope vyf-
tien jaar, met die uitsondering van 1964. Teen heers-
ende prysse het dit met 10 persent gestyg vergeleke

met net meer as 7 persent gedurende 1967, terwyl
die toename in reële terme byna 8 persent en 4 persent
onderskeidelik beloop het. Die besteding aan duursame
verbruiksgoedere, wat teen heersende prysse met onge-
veer 15 persent toegeneem het, het die grootste
bydrae tot die toename in totale private verbruiks-
besteding gemaak.

Nadat dit gedurende die eerste drie kwartale van die
jaar teen 'n hoë koers toegeneem het, het private
verbruiksbesteding gedurende die vierde kwartaal teen
'n laer koers gestyg. Besteding aan duursame verbruiks-
goedere het egter aangehou om vinnig toe te neem.

Lopende besteding deur openbare owerhede

Lopende besteding deur openbare owerhede het
gedurende 1968 met ongeveer $9\frac{1}{2}$ persent toegeneem
vergeleke met byna 6 persent gedurende 1967. Die
toename in bonusbetalings aan en hoër pensioen-
bydraes namens sentrale en provinsiale regerings-
amptenare gedurende 1968, het 'n wesenlike bydrae



tot hierdie aansienlike stijging gemaak.

Nadat dit gedurende die eerste twee kwartale van 1968 teen 'n hoë koers toegeneem het, het die koers van toename in lopende owerheidsbesteding gedurende die laaste twee kwartale afgeneem.

Vaste kapitaalbesteding


In teenstelling met die hoë koers van toename wat deur private verbruik en lopende owerheidsbesteding getoon is, het bruto binnelandse vaste investering met ietwat meer as 3 persent gedurende 1968 gestyg vergeleke met toenames van $7\frac{1}{2}$ persent gedurende beide 1966 en 1967. Vir die tydperk 1962 tot 1968 het dit egter nogtans teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van ongeveer $13\frac{1}{2}$ persent toegeneem.

Nieteenstaande matige toenames in vaste kapitaalbesteding aan woongeboue en deur die landbou, die mynbou en die handel gedurende 1968, het *private* vaste investering in werklikheid met ongeveer 3 persent gedaal hoofsaaklik as gevolg van 'n afname van ongeveer 19 persent in vaste investering deur die fabriekswese. Aan die ander kant het vaste investering deur *openbare owerhede* gedurende 1968 met ongeveer $13\frac{1}{2}$ persent gestyg, vergeleke met 5 persent gedurende 1967. Belangrike bydraes is deur die sentrale regering met $18\frac{1}{2}$ persent en die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens met 15 persent gemaak. Na hoë koers van toename gedurende 1966 en 1967, toe dit met 31 en 27 persent onderskeidelik gestyg het, het vaste kapitaalbesteding deur *openbare korporasies* gedurende 1968 min verandering getoon.

Wat die neigings gedurende die loop van 1968 betref, het *totale* vaste investering, nadat dit gedurende die eerste drie kwartale van die jaar op ongeveer dieselfde peil gebly het, gedurende die vierde kwartaal toegeneem. Vaste investering deur openbare owerhede het skerp gestyg terwyl dié van openbare korporasies gedurende die derde sowel as die vierde kwartaal van 1968 slegs effens toegeneem het. Nieteenstaande 'n skerp daling in vaste investering deur die landbou en min verandering in die geval van fabriekswese, het toenames deur die mynbou, die handel en aan woongeboue gedurende die vierde kwartaal veroorsaak dat totale private vaste investering vir die eerste keer sedert die derde kwartaal van 1967 effens toegeneem het.

Voorraadinvestering

Voorrade gehou deur nywerheids- en handelsonderneemings, sowel as totale voorrade, het 'n taamlike groot toename gedurende die vierde kwartaal getoon nadat ewe groot afnames gedurende die tweede en derde kwartale van 1968 aangeteken is. Die gevolg was dat totale voorrade vir 1968 as geheel 'n klein afname van R20 miljoen getoon het vergeleke met 'n toename van R519 miljoen gedurende 1967.




Besparing

Bruto binnelandse besparing, wat gedurende 1967 met 21 persent toegeneem het, het gedurende 1968 met ongeveer 8 persent gedaal. Hierdie ommeswaai kan grotendeels aan skommelings in landbou-inkome gedurende die twee jare toegeskryf word. Voorlopige ramings dui daarop dat toenames in maatskappybesparing, die lopende surplus van algemene owerheid en voorsiening vir waardevermindering meer as teen-gewerk is deur 'n skerp afname in persoonlike besparing.

Produksie en werkverskaffing

Nadat dit vanaf die middel van 1967 meer gelyk verloop het, het die seisoensaangesuiwerde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie vanaf ongeveer die eerste kwartaal van 1968 teen 'n vinniger koers toegeneem, en dit wil voorkom asof daar 'n verdere versneling in die laaste maande van die tydperk onder beskouing was. Vir die eerste elf maande van 1968 was hierdie indeks 3·2 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1967, hoofsaaklik as gevolg van verhoogde produksie van nie-duursame goedere, wat met 4·6 persent uitgebrei het, vergeleke met 'n toename van slegs 1·4 persent in die geval van duursame goedere. Hierdie opwaartse beweging in produksie was in ooreenstemming met 'n aansienlike toename in die seisoensaangesuiwerde waarde van onvoltooide bestellings vir uitgesoekte nywerheids-groepes gedurende die eerste elf maande van 1968.

Nadat dit aan die begin van 1968 skerp gestyg het, het die indeks van mynbouproduksie op ongeveer dieselfde peil gedurende die res van die jaar gebly. Vir die jaar 1968 was die totale produksie nogtans 5·0



percent hoër as vir 1967 en hierdie toename is verantwoord deur 'n toename van 10·2 persent in nie-goudproduksie en 2·5 persent in goudproduksie. Gedurende die tweede helfte van die jaar het goudproduksie, vergeleke met die vorige ses maande, teen 'n jaarkoers van 4·4 persent gedaal, wat deels toegeskrywe kan word aan die opskorting van produksie by die Wes Driefonteinmyn gedurende die laaste kwartaal, terwyl ander mynbouproduksie betekenisvol teen 'n jaarkoers van 12·6 persent toegeneem het, waartoe koper, diamante en ystererts die grootste bydraes gelewer het.

Die versnelling in ekonomiese aktiwiteit gedurende 1968 het saamgeval met 'n voortgesette toename in nie-landbou werkverskaffing.¹ Die seisoensaangesuiwerde aantal salaris- en loontrekkers in die nie-

landbousektor het met 3·0 persent van 1967 tot 1968 toegeneem en met 2·0 persent (4·0 persent jaarliks) van die eerste na die tweede helfte van 1968. Die sektore wat vanaf die eerste na die tweede helfte van die jaar toenames van groter as die gemiddelde getoon het, was konstruksie, elektrisiteit en kommunikasie. Die toename in werkverskaffing is ook weerspieël in die seisoensaangesuiwerde indeks van werklose Blankes, Kleurlinge en Asiate, wat vanaf 82·4 in Desember 1967 tot 65·2 in November 1968 gedaal het.

Dit word beraam dat die globale peil van gemiddelde salarisse en lone per nie-landbou werknemer 6·5 persent hoër gedurende 1968 as gedurende 1967 was, en ná uitskakeling van die seisoensinvloed ook 3·1 persent hoër (6·2 persent jaarliks) in die tweede helfte as in die eerste helfte van 1968. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en die regeringsektor toon hoër as gemiddelde koerse in hierdie vergelykinge.

Algemene ekonomiese aanwysers


Die algemene gedrag van seisoensaangesuiwerde reekse soos die aantal nuwe maatskappye geregistreer, die aantal nuwe motors en handelsvoertuie verkoop, die tonmyle van inkomstredraende verkeer van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en die fisiese volume van sementproduksie, het die indruk dat reële ekonomiese aktiwiteit 'n matige dog besliste oplewing gedurende 1968 getoon het, bevestig. Die reeks van die waarde van vaste eiendomtransaksies kenskets die opmerklik verhoogde aktiwiteit in die eiendommark, terwyl rekordtoenames in bankdebette en aandelepryse verband hou met die buitengewoon lewendige toestand in die finansiële markte.

Pryse

Tussen Desember 1967 en Desember 1968 het die seisoensaangesuiwerde indeks van verbruikerspryse met 2·7 persent toegeneem. Voedselpryse, met 'n toename van 3·5 persent, was verantwoordelik vir die grootste bydrae tot hierdie stygging. Gedurende die tweede helfte van 1968 het die koers van toename tot 'n jaarkoers van 3·4 persent versnel. Voedselpryse was weer eens in hoofsaak vir die versnelling gedurende die tweede helfte van 1968 verantwoordelik.

In Januarie 1969 het die seisoensaangesuiwerde indeks van alle goedere (1958=100) op 126·2 te staan gekom, vergeleke met 126·0 in Desember 1968.

¹Die reeks „totale nie-landbou werkverskaffing“, wat verkry word uit al die werkverskaffingsreeke wat op 'n maandelikse of kwartaallike basis beskikbaar is, verteenwoordig ongeveer 80 persent van werklike nie-landbou werkverskaffing.



**Verbruikersprysindeks – seisoensinvloed uitgeskakel
Jaarlikse persentasiekoers van verandering**


Tydperk	Ander				
	Voed- sel	ver- wante items	Ander	Totaal	Totaal
Des. 1967–Junie 1968	2·0	2·3	1·5	1·8	2·0
Junie 1968–Des. 1968	5·2	2·7	2·7	2·8	3·4
Des. 1967–Des. 1968	3·5	2·5	2·1	2·3	2·7

Gedurende 1968 het die seisoensaangesuiwerde indeks van groothandelspryse met 2·1 persent gestyg. Pryse van landbou-, bosbou- en visseryprodukte het skerp met 5·0 persent gestyg, terwyl dié van Suid-Afrikaansvervaardigde en ingevoerde goedere matig toegeneem het.

Vergeleke met die eerste helfte van die jaar, het die koers van toename in groothandelspryse gedurende die tweede helfte tot 2·9 persent verdubbel. Al die hoofkomponente van die groothandelsprysindeks, met die uitsondering van ingevoerde goedere, het teen die einde van die jaar en in Januarie 1969 aanmerklik toegeneem.

**Groothandelsprysindeks – seisoensinvloed uitgeskakel
Jaarlikse persentasiekoers van verandering**

Tydperk	Goedere geprodu- seer in S.A.				
	Land- bou, ens.	Fa- brieks- wese	Totaal	Inge- voerde goe- dere	Totaal
Des. 1967–Junie 1968	6·7	0·7	1·7	0·5	1·4
Junie 1968–Des. 1968	3·5	3·1	3·5	1·4	2·9
Des. 1967–Des. 1968	5·0	1·9	2·6	0·9	2·1



Alhoewel die pryse van vervaardigde goedere met 'n kleiner persentasie as die pryse van ander goedere wat in Suid-Afrika vervaardig is, toegeneem het, het dit nogtans ongeveer twee-derdes van die toename tussen September en Desember en ongeveer helfte van die toename tussen September 1968 en Januarie 1969, uitgemaak. Die sektorindekse wat op hulle beurt die grootste bydraes tot die toename gedurende die laasgenoemde tydperk gelewer het, was steenkool en verwerkte en onverwerkte voedsel.

Die seisoensaangesuiwerde indeks van alle goedere het van 120·8 in Desember 1968 tot 121·2 in Januarie 1969 toegeneem.

Uitvoer van goedere

Vanaf 'n hoogtepunt van R1,613 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1968, het goedere-uitvoer, gereken teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, tot R1,512 miljoen gedurende die tweede kwartaal gedaal, effens gestyg tot R1,560 miljoen gedurende die derde kwartaal en toe daarna skerp gedaal tot R1,289 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1968. Die waarde van goedere gedurende 1968 uitgevoer, het nietemin in totaal R1,492 miljoen beloop, wat 'n toename van ongeveer 15 persent bo die syfer vir 1967 verteenwoordig. Alhoewel veranderings in die syfers vir afsonderlike maande altyd versigtig vertolk moet word, het die uitvoersyfer vir Januarie 1969, ná aansuiwing vir

Betalingsbalans


Balans in lopende rekening

Na 'n oorskot van onderskeidelik R44 miljoen, R41 miljoen en R42 miljoen gedurende die eerste drie kwartale, het die balans op die lopende rekening van die betalingsbalans na 'n tekort van ongeveer R44 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1968 omgeswai. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot gedurende die eerste drie kwartale onderskeidelik R207 miljoen, R189 miljoen en R200 miljoen bedra, teenoor 'n tekort van R260 miljoen gedurende die vierde kwartaal. Die ommeswaai vanaf 'n redelike oorskot gedurende die derde kwartaal na 'n tekort in die vierde kwartaal, is die netto resultaat van 'n aansienlike daling in goedere-uitvoer en 'n betekenisvolle styging in goedere-invoer.

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans vir die jaar as geheel word voorlopig op R83 miljoen geraam vergeleke met 'n tekort van R186 miljoen gedurende 1967.

Invoer van goedere

Die herverskyning van 'n lopende tekort is gedeeltelik toe te skryf aan die gedrag van goedere-invoer. Na 'n skerp daling gedurende die tweede helfte van 1967, het goedere-invoer, na uitskakeling van die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarlikse koers, matig gestyg vanaf R1,793 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1967 tot R1,875 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1968 voordat dit skerp gestyg het tot R2,087 miljoen gedurende die vierde kwartaal van die jaar. Hierdie aansienlike toename in die invoer gedurende die vierde kwartaal was die regstreekse gevolg van 'n verdere styging in bruto binnelandse besteding, in besonder private verbruiksbesteding sowel as toevoegings tot voorrade. Vir die jaar as geheel was die waarde van die goedere-invoer nogtans ongeveer 2 persent laer as die totaal vir 1967. Gedurende Januarie 1969 het die seisoensaangesuiwerde invoersyfer, gereken teen 'n jaarkoers, R1,996 miljoen bedra.



seisoenskommelings en gereken teen 'n jaarkoers, gestyg tot R1,572 miljoen.

Netto goudproduksie

Netto goudproduksie, soos vir betalingsbalansdoel-eindes gedefinieer, het gedurende die vierde kwartaal van 1968 effens gestyg. Gedurende die afgelope vier kalenderjare het die waarde van netto goudproduksie egter op ongeveer dieselfde peil gebly.

Groot netto invloeiing van kapitaal

Die algemene onsekerheid aangaande betaalmiddelle wat op die sterlingdevaluasie in November 1967 en die beëindiging van die goudpoelooreenkoms in Maart 1968 gevvolg het, was hoofsaaklik vir die groot netto invloeiing van kapitaal ten bedrae van nie minder nie as R453 miljoen gedurende 1968 verantwoordelik. Dit het die totale netto invloeiing van kapitaal oor die afgelope vier jaar op meer as R1,000 miljoen te staan gebring. Nadat die netto kapitaalinvloeiing gedurende die derde kwartaal 'n aansienlike daling getoon het, het dit weer

gedurende die vierde kwartaal skerp gestyg en die peil van die eerste twee kwartale van 1968 bereik.

Van die totale netto invloeiing van kapitaal van R453 miljoen gedurende 1968, het nie minder nie as R254 miljoen, of 56 persent, uit langtermynkapitaal bestaan wat, afgesien van die bogemelde faktore, ook 'n aanduiding van die buitelandse beleggers se vertroue in die groei en stabilitet van die Republiek se volkshuis-houding is. Korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies, het R199 miljoen of 44 persent van die totale netto kapitaalinvloeiing bedra.


Groter private kapitaalinvloeiing

Netto private kapitaal het dieselfde patroon as die totaal gevvolg en het 'n invloeiing van R117 miljoen gedurende die vierde kwartaal getoon om sodoende die totale netto invloeiing van private kapitaal in 1968 op R381 miljoen te staan te bring vergeleke met R235 miljoen gedurende 1967. Van eersgenoemde totaal is 'n invloeiing van R204 miljoen of 54 persent as langtermynkapitaalbewegings geïdentifiseer wat 'n netto invloeiing van R98 miljoen deur netto aankope deur buitelanders van Suid-Afrikaanse effekte op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer, ingesluit het. Korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies, het 'n netto invloeiing van R177 miljoen getoon.

Netto invloeiing van sentrale regerings- en bankkapitaal in Netto invloeiing van R72 miljoen gedurende 1968, in teenstelling met 'n netto uitvloeiing van R66 miljoen gedurende 1967, het in die sentrale regering- en bankkapitaal voorgekom. Gedurende die vierde kwartaal van 1968 was die netto invloeiing egter slegs R11 miljoen vergeleke met R25 miljoen gedurende die derde kwartaal.

Feitlike verdubbeling van goud- en buitelandse valutareserwes

Suid-Afrika se totale goud- en buitelandse valutareserwes het gedurende die vierde kwartaal met 'n verdere R84 miljoen gestyg wat die totale styging gedurende 1968 op nie minder nie as R536 miljoen, en die totale besit aan die einde van die jaar op R1,100 miljoen of 95 persent bo die peil van 1967, te staan gebring het. Die toename van R536 miljoen was die gevolg van 'n oorskot van R83 miljoen op die lopende rekening en die netto invloeiing van private kapitaal ten bedrae van R381 miljoen en sentrale regerings- en bankkapitaal van R72 miljoen. Die toename gedurende die vierde kwartaal word verklaar deur 'n tekort van R44 miljoen op die lopende rekening van die betalingsbalans en 'n netto kapitaalinvloeiing van R128 miljoen. Gedurende Januarie 1969 het die totale goud- en buitelandse valutareserwes met 'n verdere R11 miljoen tot R1,111 miljoen gestyg.



Monetêre en banktoestand

Vinnige styging in geld en kwasi-geld

Gedurende die vierde kwartaal van 1968 het die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binne-landse produk verder toegeneem en vir die jaar 1968 was die gemiddelde verhouding 30,3 persent, wat op 'n voortsetting van die betreklik hoë peil van likwiditeit van die private nie-banksektor gedui het.


Soos die bygaande tabel toon, het die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die vierde kwartaal teen 'n stadiger koers toegeneem as gedurende die voorafgaande kwartale van 1968, en die totaal het aan die einde van die jaar R3,465 miljoen bedra. Hierdeur het die styging vir die jaar 1968 op R593 miljoen, of 21 persent, te staan gekom, vergeleke met 'n toename van R228 miljoen, of 9 persent, gedurende 1967.

Toenames in die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld

	R miljoene	Persentasie
1968: 1e kwartaal	146	5,3
2e kwartaal	149	5,1
3e kwartaal	175	5,7
4e kwartaal	102	3,2

Oorsake van die toename in geld en kwasi-geld

Soos in die bygaande tabel getoon word, was die belangrikste enkele faktor wat gedurende die vierde kwartaal, asook gedurende die derde kwartaal, vir die styging in geld en kwasi-geld verantwoordelik was, die toename in eise van die banksektor teen die private sektor, wat vóór aansuiwing vir seisoensbewegings ongeveer R100 miljoen en ná aansuiwing ietwat meer as R100 miljoen bedra het. In teenstelling met verwikkelinge gedurende die derde kwartaal was die



stygging in die netto goud- en buitelandse valutareserwes gedurende die vierde kwartaal grotendeels in ooreenstemming met die gewone seisoensbewegings. Die netto eise teen die regeringsektor het gedurende die vierde kwartaal, voor aansuiwing vir seisoensbewegings 'n klein stygging, maar ná aansuiwing 'n daling van R49 miljoen getoon, wat die sesde opeenvolgende kwartaal was waarin die staatsfinansies 'n negatiewe invloed op die hoeveelheid geld en kwasi-geld uitgeoefen het. Langtermyndeposito's het gedurende die vierde kwartaal teen 'n vinniger koers as gedurende die derde kwartaal gedaal en daardeur weer eens tot die stygging in geld en kwasi-geld bygedra.

'n Opvallende verskynsel gedurende die vierde kwartaal van 1968 was die skerp skommelings in die hoeveelheid geld en kwasi-geld wat veroorsaak is deur die aansienlike oorvoltekening deur die publiek van nuwe aandele-uitgiftes en deur bankkrediet wat vir doeleindes van finansiering van hierdie inskrywings verleen is. Gedeeltelik as gevolg van hierdie bedrywigheide het die hoeveelheid geld en kwasi-geld, nadat dit gedurende November met nie minder nie as R212 miljoen gestyg het, voor seisoensaansuiwing, gedurende Desember weer met R96 miljoen gedaal. Die diskonteringe en voorskotte van handelsbanke het soortgelyke skommelings getoon. Terselfdertyd het hierdie verwikkelinge 'n merkbare invloed op die hoeveelheid daggeld gehad wat deur verskeie monetêre banke (in besonder die aksepbanke) op die geldmark beskikbaar gestel is, asook op die likwiditeits- en oorskot likwiditeitsverhoudings van hierdie banke aan die einde van die betrokke maande.

Vir die jaar 1968 word die aansienlike toename van R593 miljoen in die hoeveelheid geld en kwasi-geld hoofsaaklik deur die netto resultaat van die volgende veranderings verklaar: 'n toename van R475 miljoen in die netto goud- en buitelandse valutareserwes, 'n

daling van R203 miljoen in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor en 'n toename in bankkrediet aan die private sektor van R279 miljoen.

Gedurende Januarie 1969 het geld en kwasi-geld voor aansuiwing vir seisoensbewegings met R46 miljoen gedaal maar ná aansuiwing met R64 miljoen toegeneem. Indien seisoensbewegings uitgeskakel word, word die stygging in geld en kwasi-geld hoofsaaklik verklaar deur styggings in krediet aan die private sektor en in die netto goud- en buitelandse valutareserwes en deur 'n daling in langtermyndeposito's, terwyl die netto eise teen die regeringsektor weer eens 'n negatiewe invloed uitgeoefen het.

Toename in bankkrediet aan die private sektor

Soos die bygaande tabel toon, het die toename van R99 miljoen in die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor gedurende die vierde kwartaal bestaan uit toenames in totale diskonteringe en voorskotte, uitgesonderd dié van die Landbank, van R76 miljoen (handelsbanke R45 miljoen en diskontohuise R25 miljoen), beleggings van R38 miljoen (handelsbanke R25 miljoen en monetêre, huurkoop- en algemene banke R19 miljoen), en deposito's van R6 miljoen, waarteen 'n seisoensaftname van R22 miljoen in die kaskredietvoorskotte van die Landbank in berekening gebring moet word. Die grootste deel van die toename in beleggings het bestaan uit effekte en obligasies van openbare korporasies en plaaslike owerhede, wat nie deur die voorskrifte van die Reserwebank beheer word nie.

Agterna gesien, het bankkrediet aan die private sektor, gemeet volgens veranderings in die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor gedurende elk van die jare 1967 en 1968 met die betreklik groot bedrag van R279 miljoen toegeneem. Dit verteenwoordig toenames van 13 persent en 11 persent vir 1967 en 1968 onderskeidelik. Diskonteringe en voorskotte, uitgesonderd dié van die Landbank, wat gedurende

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld, 1968 Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie

R miljoene

	1e helfte	3e kw.	4e kw.	Jaar
Netto goud- en buitelandse valutareserwes	317	86	72	475
Eise teen die regeringsektor:				
Bruto eise	90	93	9	191
Depositos (toename -), afname +)	-243	-148	-3	-394
Netto eise	-153	-55	6	-203
Eise teen die private sektor	72	109	99	279
Langtermyndeposito's (toename -, afname +)	-72	30	56	14
Ander bates en laste (netto)	41	-4	-10	28
Totale verandering in geld en kwasi-geld	205	166	223	593

Veranderings in eise teen die private nie-banksektor Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie

R miljoene

	1966	1967	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Jaar
Kaskredietvoorskotte van die Landbank	36	162	-59	-26	40	-22	-66
Ander diskonteringe en voorskotte	15	-45	85	—	46	76	206
Beleggings	51	160	30	32	12	38	113
Depositos	4	2	3	6	10	6	26
Totaal	106	279	60	12	109	99	279

1967 tot heelwat onder die plafon van die Reserwebank gedaal het, het in 1968 nie minder nie as R206 miljoen tot die toename in die totale eise teen die private sektor bygedra. Beleggings het ook 'n aansienlike styging van R113 miljoen getoon, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat beleggings in effekte en obligasies van openbare korporasies en plaaslike owerhede nie deur die Reserwebank beheer word nie en ook vanweë die feit dat sekere ander soorte beleggings deur die monetêre banke alreeds aansienlik toegeneem het voor 'n plafon deur die Reserwebank in Mei 1968 ten opsigte daarvan ingestel is.

Met inagneming, onder ander, van die kwantitatiewe beheer oor die toename in sekere beleggings van monetêre banke by die private sektor, het die Reserwebank in Augustus 1968 die kredietplafon op voorskotte en diskonteringe verslap met die oog daarop om meer ruimte aan monetêre banke te verskaf vir die verlening van addisionele krediet, in die besonder aan die kleiner sake-onderneiming. In Maart 1969 is 'n verdere toegewing gemaak met die oog op die heersende droogtoestande in sekere dele van die land. Hiervolgens is aangekondig dat monetêre banke vanaf 8 Maart toegelaat sal word om die plafonne op hul diskonteringe en voorskotte met 2 persent te oorskry ten opsigte van nuwe krediet toegestaan aan bona fide boere, persone en bedrywe wat noodsaklike benodighede regstreeks aan boere verskaf, en persone en bedrywe wat betrokke is by die aankoop, berging en vervoer van plaasprodukte.

Oorskot likwiditeit van monetêre banke

Die buitengewoon groot styging in die goud- en valutareserwes het uit die aard van die saak die monetêre banke van verdere likwiede bates voorsien. As gevolg hiervan het die oorskot likwiede bates van hierdie banke, soos in die bygaande tabel getoon word, dwarsdeur 1968 baie hoog gebly, afgesien van seisoens- en onreëlmatige skommelings wat onder andere veroorsaak is deur die verskuiwing van fondse wat met die abnormaal hoë inskrywings op nuwe aandele-uitgiftes, in die besonder teen die einde van die jaar, verband gehou het. Gedurende Januarie het die oorskot likwiede bate-verhoudings van handelsbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke seisoenaal gedaal, terwyl dié verhouding van aksepbanke ná die daling in Desember, wat met die groot inskrywings op nuwe aandele-uitgiftes verband gehou het, na sy vorige betreklik hoë peil teruggekeer het.


Aangesien die banke se verpligtings teenoor die publiek natuurlik verskeie male groter is as die bedrag van hulle vereiste likwiede bates, beteken die bestaan van *oorskot* likwiede bates van die monetêre banksektor ten bedrae van R333 miljoen aan die einde van Januarie 1969, dat hierdie banke in staat sal wees om hulle diskonteringe, voorskotte en beleggings sowel as hulle verpligtings teenoor die publiek (waarvan 'n

Oorskot likwiede bates van monetêre banke

	Persentasie van verpligtings teenoor publiek		Bedrag Rm			
	1968		1969			
	Mrt.	Jun.	Sept.	Des.	Jan.	
Handelsbanke . . .	7·8	12·6	10·7	10·2	7·2	203
Aksepbanke . . .	10·8	14·4	11·5	4·0	12·5	49
Monetêre huurkoop- en algemene banke . . .	10·5	12·6	15·1	13·6	9·4	82
Alle monetêre banke . . .	8·6	12·8	11·8	10·4	8·1	333

gedeelte uit geld en kwasi-geld bestaan) met 'n veelvoud van hierdie bedrag te vermeerder, as 'n volodoende sterk aanvraag na bankkrediet en die afwesigheid van offisiële beperkings op bankkrediet veronderstel word.

Dit was derhalwe wenslik om so veel as moontlik oorskot likwiditeit te verwijder. Dit is boonop reeds vir 'n geruime tyd gevoel dat die plafon op bankkrediet geleidelik vervang moet word met meer indirekte en minder starre metodes van beheer wat uitgeoefen word deur veranderings in die kontantreserwe- en likwiedebatevereistes. Deur middel van 'n kennisgewing in die Staatskoerant van 28 Februarie 1969 het die Reserwebank derhalwe aangekondig dat die likwiede batevereistes vir alle bankinstellings, vanaf die datum van sertifisering van die banke se maandopgawes vir



Februarie 1969, verhoog sou word. Kragtens hierdie maatreel is die verhouding van likwiede bates wat handelsbanke teen hul korttermynverpligtigs teenoor die publiek moet hou, van 40 na 45 persent verhoog. Terselfdertyd is die likwiedebatevereistes vir ander bankinstellings, met uitsondering van die diskontohuise, van 34, 24 en 5 persent na onderskeidelik 40, 27 en 5 persent van hulle kort-, middel- en langtermynverpligtigs teenoor die publiek verhoog.

Hierdie verhoudings is verder aangepas ingevolge 'n brief wat op 8 Maart 1969 deur die Reserwebank aan die betrokke bankinstellings gerig is. Die likwiedebatevereistes vir banke wat nie handelsbanke is nie, is na 45, 30 en 5 persent van hul kort-, middel- en langtermynverpligtigs teenoor die publiek, onderskeidelik, verhoog met ingang van die datum van sertifisering van hul maandopgawes vir Maart 1969. Vanaf ongeveer 21 April 1969 sal dieselfde likwiedebatevereistes dus op alle bankinstellings behalwe diskontohuise van toepassing wees.

Bereken volgens die verpligtigs van die banke teenoor die publiek soos aan die einde van Januarie 1969¹, sal die verhoogde likwiditeitsverhoudings die uitwerking hê om die minimum bedrag aan likwiede bates wat die banke moet aanhou, met meer as R100 miljoen te verhoog.


Geldmark

In ooreenstemming met die betreklik hoë peil van likwiditeit van die bankstelsel en die private nie-banksektor, het daggelddeposito's by die diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie gedurende die vierde kwartaal van 1968 en in Januarie en Februarie 1969 heelwat bo R400 miljoen gebly. Aan die einde van November 1968 het dit in werklikheid R500 miljoen oorskry toe 'n gedeelte van die gelde wat vanweë die aansienlik oorvoltekende nuwe aandele-uitgiftes in November van die banke en bouverenigings onttrek is, by diskontohuise gedeponeer is.

Ondanks die hoë peil van fondse in die geldmark, wat hoofsaaklik sy oorsprong gehad het in die toename in die goud- en buitelandse valutareserves van die Reserwebank, in die besonder na 15 November 1968, het korttermynrentekoerse vanaf die begin van Oktober 1968 tot die eerste week van Maart 1969 min verandering getoon. So het die skatkiswisseltenderkoers, wat op 4 Oktober 1968 'n peil van 4·76 persent bereik het, slegs effens tot 4·69 persent gedurende die tweede week van Desember gedaal en daarna op min of meer dieselfde peil gebly.

Verskeie faktore het bygedra tot die teenwerking van die verruimende effek van die toename van R172 miljoen in die netto goud- en buitelandse valutareserves van die Reserwebank tussen 15 November 1968 en 7 Maart 1969. Die belangrikste van hierdie neutraliserende faktore was waarskynlik die daling van R132 miljoen in die netto eise van die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie teen die regering oor hierdie tydperk, wat op sy beurt deur 'n toename van R177 miljoen in die regeringsdeposito's by hierdie instellings veroorsaak is. Hierdie toename het die totaal aan regeringsdeposito's by die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie tot R816 miljoen op 7 Maart 1969 verhoog.

Hierdie toename in regeringsdeposito's was weer gedeeltelik die gevolg van die steriliseringsbedrywig-



¹Die verhoogde persentasies van die Februarie-aankondiging sal van toepassing wees op die verpligtigs teenoor die publiek soos aan die einde van Februarie, en die verhogings van Maart op die verpligtigs teenoor die publiek soos aan die einde van daardie maand.

hede van die regering waardeur groter bedrae aan skatkiswissels en staatseffekte aan die mark uitgerek is as wat die Skatkis nodig gehad het. Bowendien het die Reserwebank ook by tye beleggingsgeleenthede aan die geldmark voorsien in die vorm van Landbankwissels wat op 'n terugkoopgrondslag deur die Reserwebank aan die diskontohuise verkoop is, terwyl geld ook aan die plaaslike geldmark onttrek is deur met die handelsbanke ruiltransaksies in buitelandse valuta aan te gaan.

'n Verdere faktor wat daartoe bygedra het om die verruimende invloed van die groot toename in die goud- en buitelandse valutareserves op die geldmarktoestand te neutraliseer, was die verhoging van die minimum reserwesaldo's wat monetêre banke by die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie sedert die einde van Mei moes aanhou en wat sedertdien ooreenkomsdig die toename in die korttermynverpligtings van die monetêre banke teenoor die publiek gestyg het. Hierdie toename in die minimum reserwesaldo's het oor die tydperk van 15 November 1968 tot 7 Maart 1969 byvoorbeeld R70 miljoen bedra.

Staatsfinansies

Staatsfinansies het gedurende die vierde kwartaal van 1968 voortgegaan om 'n gunstige beeld te vertoon en die Skatkis het nie alleen 'n netto oorskot van ontvangstes bo uitreikings (uitsluitende lenings) van R4 miljoen getoon nie, maar ook sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met R45 miljoen verminder sodat die totale afname in sy netto skuldposisie vir die kalenderjaar 1968 op R212 miljoen te staan gekom het. Laasgenoemde syfer kan vergelyk word met 'n daling van R203 miljoen in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor as geheel waarna vroeër, as 'n faktor wat 'n negatiewe invloed op die hoeveelheid geld en kwasi-geld uitgeoefen het, verwys is.

Die meegaande tabel, wat skatkisfinansies gedurende die eerste nege maande van die huidige en vorige fiskale jare weergee, toon dat die gunstige ontwikkeling gedurende 1968 gedeeltelik die gevolg was van 'n groter bydrae deur die Staatskuldkommissaris en gedeeltelik as gevolg van die suksesvolle optrede van die regering om fondse te steriliseer soos weerspieël in 'n groter netto bydrae tot skatkisfinansiering deur die private nie-banksektor. Die Skatkis was derhalwe in staat om sy kontantsaldo tussen 1 April 1968 en 31 Desember 1968 met soveel as R413 miljoen te verhoog met die gevolg dat sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor gedurende hierdie tydperk met R268 miljoen verminder het. Hierdie syfer sou aansienlik laer gewees het indien dit nie was vir die belegging by die Skatkis deur die Staatskuldkommissaris gedurende hierdie tydperk van 'n aansienlike bedrag wat hulle aan die einde van Maart 1968 op

deposito by die Nasionale Finansiekorporasie en die Reserwebank gehou het nie.

Vir 'n behoorlike beoordeling van die invloed van staatsfinansies op die hoeveelheid geld en kwasi-geld moet verandering in die deposito's van ander regeringsektorrekeninge en -liggame, soos die Staatskuldkommissaris, die provinsiale administrasies en die Betaalmeester-generaal ook in ag geneem word. Gedurende die eerste nege maande van die huidige fiskale jaar het die regeringsektor as geheel 'n onbeduidende invloed op die hoeveelheid geld en kwasi-geld uitgeoefen, aangesien sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met slegs R11 miljoen gestyg het. In teenstelling met die Skatkis het die ander regeringsektorrekeninge en -liggame derhalwe hul skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met soveel as R279 miljoen verhoog wat hoofsaaklik die gevolg was van 'n afname van R223 miljoen in hul deposito's by die banksektor waarvan die Staatskuldkommissaris vir R144 miljoen, die provinsiale administrasies vir R44 miljoen en die Betaalmeester-generaalrekening vir R31 miljoen verantwoordelik was.

Gedurende Januarie het die Skatkis voortgegaan om 'n gunstige beeld te vertoon met 'n netto surplus van ontvangste bo uitreikings (uitgesonderd lenings) van

Skatkisfinansies
R miljoene

	1967		1968		
	Apr.-Des.	Apr.-Jun.	Jul.-Sept.	Okt.-Des.	Apr.-Des.
Totale oorskot of tekort, uitgesonderd lenings	-100	-66	-71	4	-133
Finansiering:					
Verandering in netto skuldposisie teenoor:					
Buitelandse sektor	-33	12	7	-7	12
Private nie-banksektor	130	56	121	47	224
Staatskuldkommissaris	65	151	13	1	165
Sub-totaal	162	219	141	41	401
Monetêre banksektor:					
Verandering in besit aan staatspapier	105	87	66	-8	145
Verandering in Skatkissaldo (toename -, afname +)*	-167	-240	-136	-37	-413
Sub-totaal	-62	-153	-70	-45	-268
Totale finansiering	100	66	71	-4	133

*Na aansuiwing vir die belegging in die buitenland van die opbrengs van buitelandse lenings en vir oordragte na die Stabilisasierekening en na die I.M.F.-depositorekening ten opsigte van super-goudtranche-trekkings.

R14 miljoen en 'n verdere daling van R88 miljoen in sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor. Die uitgifte van twee regeringslenings en die aankondiging van 'n spaarveldtig in Januarie 1969 sal waarskynlik die gesonde finansiering van die Skatkis se gebruiklike tekort in die laaste kwartaal van die fiskale jaar verseker. Aansoeke ontvang vir hierdie lenings (uitsluitende dié afkomstig van die Staatskuldkommissaris) het gedurende Januarie en Februarie R83 miljoen beloop en blyk bevredigend te wees veral vanweë die feit dat aansoeke vir die langtermynneffek R49 miljoen bedra het en dat die private nie-banksektor vir 'n bedrag van R43 miljoen aansoek gedaan het. Die nuwe 5½ persent belastingvrye Jubileum Tesourie-obligasies wat op 12 Februarie 1969 beskikbaar gestel is, het tot 11 Maart 1969 R8·3 miljoen geïn. Hierdie obligasies het die 6 persent belastingvrye Tesourie-obligasies vervang wat sedert September 1967 beskikbaar was en wat R155 miljoen getrek het voordat die lys op 14 September 1968 gesluit is.

Kapitaalmark

Aandelemark


Die hoofkenmerk van die kapitaalmark gedurende die vierde kwartaal van 1968, was die buitengewoon groot bedrag van R121 miljoen wat deur uitgifte van gewone aandele deur maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, opgeneem is. Die sterk vraag na aandele gedurende hierdie tydperk word gekenskets deur die feit dat openbare uitgifte van R21 miljoen, inskrywings van nie minder nie as R671 miljoen getrek het. 'n Betreklik groot deel van die nuwe aandele-uitgifte gedurende die betrokke tydperk verteenwoordig kapitaal wat deur eiendomsbeleggings- en -ontwikkelingsmaatskappye opgeneem is en wat R23 miljoen, of 19 persent van die totaal, bedra het.

Agterna gesien, is dit duidelik dat die maatskappye gedurende 1968 ten volle van die gunstige toestande om kapitaal in die aandelemark op te neem, gebruik gemaak het. Nie alleen het die totale bedrag aan aandelekapitaal wat deur genoteerde maatskappye opgeneem is 'n nuwe rekord van R310 miljoen gedurende hierdie jaar, vergeleke met byvoorbeeld R91 miljoen in 1967 en R127 miljoen in 1966, bereik nie, maar die bedrag wat opgeneem is, het ook 'n aansienlike aandelepremie ingesluit. Van die werklike bedrag opgeneem, het die nominale waarde van nuwe aandelekapitaal uitgereik slegs R121 miljoen bedra, wat beteken dat 'n aandelepremie van nie minder nie as R189 miljoen op die nuwe uitgifte verdien is.

Die aansienlike toename in die aanbod van aandelebewyse deur nuwe uitgifte in die aandelemark en die groot bedrae aan fondse wat voorhande gehou is met die oog op inskrywing op nuwe uitgifte, het geneig om 'n neerdrukkende invloed op finansiële en op

nywerheids- en handelsaandelepryse teen die einde van Oktober en gedurende November uit te oefen. Nuwe aankoopdruk, aangehelp deur die vrystelling van fondse wat by inskrywing op nuwe uitgifte betrokke was, het hierdie aandelepryse gedurende die tweede helfte van Desember egter weer tot hoër vlakke gevoer. Pryse van goudmynaandele, wat sedert Junie 1968 afwaarts beweeg het, het ook gedurende Desember merkbaar herstel.

Hierdie verwikkelinge het 'n merkwaardige jaar van prysbewegings op die effektebeurs afgesluit. Gedurende 1968 het toenames in die gemiddelde prys vir die verskillende klasse van finansiële aandele vanaf 39 tot



57 persent gewissel, terwyl die gemiddelde prys van nywerheids- en handelsaandele met 45 persent gestyg het. Die prys van goudmynaandele het gemiddeld met 15 persent gedurende die jaar 1968 toegeneem.

Aandeleprysbewegings gedurende 1968 Persentasietoename

	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	Jaar
Goudmynaandele	26·8	—	—	—	15·4
Finansiële aandele:					
Myfinansieringshuise	18·0	3·7	14·7	—0·9	39·0
Ander mynwese	23·9	1·1	14·4	—0·5	42·6
Nywerheid en algemeen	19·2	10·7	8·2	9·7	56·7
Nywerheids- en handelsaandele	19·7	10·7	7·3	1·9	44·8

Effektetrusts

Die volgehoue gewildheid van die aandelemark gedurende die vierde kwartaal van 1968 het tot rekordverkope van onderaandele deur effektetrusts gedurende hierdie tydperk geleid. Netto verkope van onderaandele het R65 miljoen bedra, vergeleke met 'n gemiddelde kwartaallike verkope van R47 miljoen gedurende die eerste drie kwartale van 1968. As gevolg van die verdere toename in die prys van die meeste klasse van aandele gedurende die vierde kwartaal as geheel, het die markwaarde van die trusts se netto bates met aansienlik meer as die bedrag van hulle netto verkope van onderaandele toegeneem, naamlik met R89 miljoen, wat totale netto bates op R372 miljoen aan die einde van 1968 te staan gebring het.


Wanneer die jaar 1968 as 'n geheel in oënskou geneem word, het die effektetrusts 'n merkwaardige groei getoon. Netto verkope van onderaandele gedurende hierdie tydperk het in totaal R204 miljoen bedra en die markwaarde van hulle netto bates, wat aan die einde van 1967 op R83 miljoen gestaan het, het gedurende die daaropvolgende twaalf maande meer as verviervoudig. In ooreenstemming met hierdie verwikkelinge het die gemiddelde verkoopprys van onderaandele met 55 persent gedurende 1968 toegenem en die gemiddelde opbrengskoers op hierdie onderaandele het vanaf 3·1 persent in Desember 1967 tot 2·0 persent in Desember 1968 gedaal.

Bouverenigings

Die groot vraag na aandele en, in besonder, die groot bedrae wat gedurende die laaste kwartaal van 1968 op nuwe aandele-uitgifte ingeskryf is, het geneig om die vloei van fondse na die bouverenigings te beïnvloed. So het die netto toevloeiing van fondse na die bouverenigings, ten spyte van 'n afname in November, gedurende die vierde kwartaal R38 miljoen bedra, teenoor 'n toevloeiing van R81 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal. Niteenstaande die kleiner

toename in hulle middele, het die uitstaande verband- en ander lenings van die verenigings gedurende die vierde kwartaal met R53 miljoen toegeneem, vergeleke met 'n vermeerdering van R42 miljoen gedurende die derde kwartaal. Hulle besit aan likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings het egter met 'n skrale R2 miljoen gedurende hierdie tydperk toegeneem. Gedurende Januarie 1969 het die verenigings se middele met 'n verdere R7 miljoen toegeneem, terwyl die bedrag van hulle uitstaande verband- en ander lenings met R12 miljoen gestyg het en hulle besit aan voorgeskrewe beleggings met R3 miljoen toegeneem het.

Die vloei van fondse na bouverenigings gedurende 1968 is vergroot deur die uitreiking van belastingvrye aandele, waarmee in Maart verlede jaar begin is. Van die totale toename van R188 miljoen in hulle middele gedurende 1968 is R86 miljoen deur die belastingvrye aandele bygedra. Gevolglik was die toename in hulle middele aanmerklik meer as die ooreenstemmende syfer van R110 miljoen vir die voorafgaande jaar. Aan



die einde van 1968 het die totale bedrag van belasting-vrye aandele op R252 miljoen te staan gekom, waarvan R119 miljoen omsettings van ander aandele verteenwoordig het, R47 miljoen bestaan het uit oordragte vanaf depositorekening en R86 miljoen deur nuwe kontantinskrywings verantwoord is.

Die groter toevloeiing van fondse na die bouverenings gedurende 1968 het hulle in staat gestel om hulle uitstaande verband- en ander lenings met 8 persent of R143 miljoen te vermeerder, vergeleke met 'n toename van R135 miljoen gedurende 1967. 'n Ontleding van nuwe verbandvoorskotte wat gedurende 1968 toegestaan is, toon dat 52 persent van die totaal uit voorskotte op bestaande geboue en 37 persent uit voorskotte vir die oprigting van nuwe geboue bestaan het, terwyl die oorblywende 11 persent voorskotte op onbeboude grond en hervoorskotte op bestaande verbande verteenwoordig het. Benewens die toename in uitstaande verband- en ander lenings gedurende 1968, was die verenigings in staat om R68 miljoen te voeg by hulle besit aan voorgeskrewe beleggings wat gedurende die voorafgaande jaar met R28 miljoen afgeneem het.